
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, June 23, 2017
Page: 25





# Bestuur risiko's betyds

**Alles gaan oor geld, en genoeg daarvan. Wanneer jy boedelbeplanning doen, moet jy seker maak diegene wat ná jou dood agterbly, sal versorg wees en dat alle belastings betaal sal kan word.**

Boedelbeplanning, of liewer finansiële beplanning, gaan nie net daaroor om te beplan om dood te gaan nie. Tog wil ek vandag daarby stilstaan: Finansiële beplanning vir wanneer jy doodgaan.

'n Goeie finansiële plan is 'n resep oor hoe om welvaart te skep en hoe om dit te geniet terwyl jy lewe. Ons kan egter nie die dood miskyk nie, want ná jou kom ander, diegene wie se versorging op jou skouers rus. Daarmee saam wil jy tog ook seker maak dat ander ná jou die vreugde van jou arbeid en welvaart sal geniet.

Net soos wat ons land se paaie egter al hoe meer vol slaggate word en daar meer dorings in die veld is ná die somerreën, is daar toenemende finansiële slaggate en dorings wat jou resep kan laat misluk. In finansiële terme noem ons dit risiko's. As daar een feit is wat soos 'n paal bo water staan, is dit dat 'n mens 'n risiko betyds moet identifiseer en betyds moet hanteer. Ek kyk na enkeles daarvan.

## STRUIKELBLOKKE

Belasting is 'n finansiële risiko. Saam met doodgaan, is dit omtrent die enigste ding waaroor jy seker kan wees in jou lewe – of in hierdie geval, dood.

Boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting is twee belastings wat veral 'n boer se beplanning in die war kan stuur. Dit geld almal, maar ek meen dit is veral by boere 'n groot risiko. Die waarde van plase is totaal buite verhouding tot die meeste boere se totale bates, veral kontantbates. En belastings moet in kontant betaal word.

Tydige beplanning kan 'n groot deel van die belastingrisiko's ondervang, maar vir baie is dit 'n bietjie laat en sal dit uiteindelik meer die opvolger help – deur byvoorbeeld 'n plaas eerder aan 'n trust as aan 'n kind te bemaak. Die punt vandag is nie die hoe nie, maar dat dit 'n risiko is wat aandag moet kry.

Op die punt van boedelbelasting, pasop vir die begunstiging van polisse buite die boedel (dit word gewoonlik gedoen om eksekuteurskoste te bespaar). Dit kan 'n boedelbelastingverpligting skep vir begunstigdes wat nie uit die polis voordeel trek nie. Dit is 'n slaggat wat nie ligtelik opgeneem moet word nie.

Dan is daar inkomstebelasting. Uitstaande inkomstebelasting, het ek al gesien, kan nie net die afhandeling van 'n boedel vertraag nie, maar dit kan selfs beteken 'n plaas moet verkoop word. Dit moet boonop gedoen word om geld te kry om vir Jan Taks te gee.

Veeboere moet veral let op inkomstebelasting as 'n finansiële risiko by sterfte. 'n Nuwe artikel in die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) bepaal dat by sterfte vee na die boedel oorgedra moet word, nie teen standaardwaarde nie, maar teen markwaarde. Inkomstebelasting is daarop betaalbaar.

Skuldverpligtinge is 'n ander risiko. Dit klink logies, maar kan oorgesien word. Skuldeisers staan voor in die ry as dit by die verdeling van jou bates kom. As daar nie geld is om skuld te betaal nie, geld dieselfde reël as vir uitstaande belasting.

Die voortgesette onderhoud van 'n langslewende gade moet ook aandag kry. Hoe en waarmee? Die gewilde vruggebruik is nie altyd die beste nie. Genoeg geld is wel. Met genoeg geld bedoel ek genoeg, want die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) bepaal dat 'n oorlewende gade 'n eis teen die boedel kan instel om onderhoud.

'n Huweliksaanwaseis is nog 'n risiko. Maak betyds daarvoor voorsiening deur die verdeling van bates. Daar is ook uitgawes, soos die eksekuteurstariewe, siek- en sterfbedkoste en nog meer.

Kortom, alles gaan oor geld, en nie net oor vaste bates nie. Inteendeel, die beskerming van vaste bates gaan afhang van hoeveel geld daar is om die risiko's te bowe te kom.

Kyk dus gerus maar met nuwe oë na lewensversekering. Ja, dit skep geld by dood, maar dit gee ook vir jou die vryheid om jou bates te bemaak soos jy graag wil en die gemoedsrus dat jou wense wel uitgevoer kan word. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: E-pos: **nico@finlac.com**, tel. **021 461 2067**.